

Skriflesing: Job 28:1-28; Kolossense 2:1-3

Teks: Job 28:12,20,28; Kolossense 2:3

Sing- Ps. 107:1,7; Ps. 19:4;Ps. 105:10,13; Ps. 78:1

Dit is alreeds langer as 'n jaar gelede wat die aangrypende gebeurtenis plaasgevind het van die bevryding van die 33 Chileense mynwerkers. Broeder en suster- dit was op 13 Oktober verlede jaar. Vir 69 dae was hulle onder die aarde vasgekeer, 625 meter diep. Elke man wat daaruit bevry was, was eintlik iets van 'n wonderwerk. In ons eie land se geskiedenis is daar daardie mense in 1960, 435 van hulle, wat by Coalbrooks naby Sasolburg in die dieptes van die aarde gesterf het. Daardie uithaal wat vir die Chileense uitkoms kon bied, was vir hulle 50 jaar terug in Suid-Afrika deur God anders besluit.

Ons is in hierdie erediens uit Job 28 saamgebring en geliefdes wat het ons gelees, 'n lied oor die mynbou, of 'n gedig oor 'n myn. Dit is die enigste gedig in die hele Bybel wat so spesifiek oor die mynbou gaan. Nie dat die Israeliete nie van mynbou geweet het nie! In Deut. 8:9 lees ons as Israel hulle nuwe land voor hulle mag sien dan sê die Here- dit is 'n *land waarin jy brood sonder skaarste sal eet, waarin niks jou sal ontbreek nie; 'n land waarvan die klippe yster is, en uit die berge waarvan jy koper sal uitkap...* Die Here het wel by die skepping en by die beskrywing van die tuin in Genesis 2 van die eerste rivier gesê- *Die naam van die eerste is die Pison. Dit is hy wat om die hele land Hâwila loop waar die goud is.*¹² *En die goud van dié land is goed. Daar is ook balsemgom en onikssteen.*

Job is in hierdie hoofstuk baie duidelik daar diep binne-in 'n myn met sy gedagtes besig. Job noem die verskillende minerale en gesteentes- silwer, goud, yster, koper, saffiere. Al hierdie dinge is binne die mens se bereik. Hoe moeilik ook al, die mens laat hom nie keer nie. Die mens gaan haal dit uit. Plek- plek wil dit klink asof Job honderde jare gelede al geweet het dit wat selfs in ons moderne mynbou toegepas word. Waterare wat toegestop moet kan word. In vv.1-11 sê hy dan ook in v.11- *Hy stop waterare toe dat hulle nie drup nie; en wat verborge was bring hy aan die lug.*

Wanneer mynwerkers daar diep onder die aarde woel dan is hulle, soos Job hulle sien, soort van *vergete deur die voet daarbo*. Hulle werk waar selfs die skerp oë van arende nie kan sien nie en waar roofdiere nie eers kom nie. Vandaar bring die mens verborge skatte aan die lig.

Maar nou moet ons Job 28 nie maar net sien as 'n pragtige lied oor die mynbou nie. Die punt waaroor dit eintlik vir Job en vir ons oor moet gaan, waar gaan u en ek ware wysheid kan

vind. Sal ek dit uit 'n myn kan gaan uithaal (vv.1-11)? Dit is die eerste vraag. Die tweede is vv.13-19- Kan ek nie dalk wysheid koop nie? Op die aandelemark, die effektetrust van wysheid, is dit in die handel bekombaar?!

Ons kan hier dit Job elke keer hoor vrae- as hy so pas oor die myn geskrywe het dan is die vraag- *Maar die wysheid, waar word dit gevind? En waar is die plek van verstand?* Daar is so baie soorte gesteentes, minerale en metale. Al het Job sekerlik nog nie ons opstelling van die periodieke tabel sou ontvang nie, is dit nie onbekend wat die werklike periodieke is nie. Die tabel van minerale staan uitgebreid. Silwer, goud, yster, koper, erts, saffier- noem maar op. As Job in vv.12-13 meer na die handelsmarkte beweeg, dan is hy nie heeltemal met die myne klaar nie. Hy skrywe ook van die lande van Kus- m.a.w. Ethiopië, en Egipte, lande waarmee daar handelsooreenkomste sou kon wees.

Om te myn en om met ander lande vanuit jou opbrengs uit die myne handel mee te drywe, is mos nie so maklik nie. Dit verg bepaalde kennis, iets van 'n skrandtheid, jy moet jou grond ken, die struktuur van bo-lae en onder-lae, alles verklap waar jy dalk goud kan soek, ander plek weer waar daar dalk diamante kan wees, waar dit growwer grondstruktuur is, daar kan weer iets anders wees. Mense wat met myne verder gaan, is daar mense wat die grond moet ken, maar ander moet ook weer die markte ken. Hierdie kenner wat met die lande van Kus sal kan onderhandel, want in ruil vir wat hier gemyn word, kan moontlik vandaar weer glas en kristal, pêrels en topaas toegevoeg word.

Broeder en suster, Job sien die myn, hy sien die markte, hy sien verhandelinge, hy sien die blink in elke metaal en geld, geld waarvoor mense tog so lief voor kan wees. 'n Mens glo mos met sy hele hart dat geld kan alles doen. Geld wat stom is maak alles reg wat krom is. Dit is wat eintlik by baie mense byna as 'n geloofsbelydenis uitgelewe word al staan dit nie uitgeskrywe nie. Job was self ook 'n ryk man, laat ons dit nie vergeet nie. Daaroor is die begin van Job duidelik, hoe Satan wou voorgee dat Job se kinderlike geloof ook maar net 'n voorgee is. As Job sy geld, sy besittings, selfs sy geliefde kinders verloor, het Satan by God gaan skinder, dan sal Job se geloof ook verlore wees.

God wat Hom nie laat beskinder nie, daarom het Job baie swaar sou kry. Die hele verhaal hoef ek u nie oor te vertel nie. Die geskinder bring natuurlik ook altyd baie spanning en dit het Job nie gespaar gebly nie. Job se vriende is voor hfst. 28 en weer direk na hfst. 28 met

spanning aan die werk. Dit is asof hfst. 28 met die afdaal in die myn en die ophaal in die markte soort van 'n tydelike spannings breker is, met wat Job vooraf deurgegaan het en wat hy nog weer hierna sal moet deurgaen.

Terwyl ons hierdie gebreekte spanning beleef, broeder en suster, baie van die lewe staan in spanning oor ons gespan, baie dinge wat ook dreig om ons te wil breek, is die groot vraag wat Job bly vra- ons het nou die wonderlike mynbou, ons het die reeds uitgehaalde minerale en gesteentes, ons het die markte, ons het werklik reeds baie kennis om hiermee verder te gaan... selfs al het ons ook baie geld! Kan julle wysheid koop?!

Julle, my vriende, wat hier voor my is, met baie kennis kan julle my in spanning bring! Daardie vriende van Job, wat Job selfs op godsdienstige gebied soos wafferse teoloë wou uitvra en nog weer uitvra. So asof Job se geloof in die proefbuis van 'n eksperiment gedistilleer moet word. Ons as sondaarmense sal dit ook maar moeilik vind dat as dit gedistilleerde geloof moet wees wat ons by God moet bring, watter mens het die kennis om sy geloof te distilleer terwyl ons hierdie geïndustrialiseerde en gerekenariseerde lewens leef?! Geloof laat hom nie rekenariseer nie, net so min soos wat dit in proefbuise gekweek kan word! Die verskil tussen wat ons kennis is, en dit wat wysheid is, laat hom nie sommer in 'n tekenplan vas teken nie.

Ek kan ware wysheid nie uit die grond uithaal nie, ek kan ware wysheid ook nie op die markte koop nie, daarom het Job dieselfde vraag in een hoofstuk twee keer sou vra- *Maar die wysheid, waar word dit gevind? Waar is die plek van verstand?* En aan die einde van die hoofstuk dan laat Job die antwoord hoor- v.23 sê hy eers- God ken die weg- of soos dit hier vertaal staan- *God weet die weg daarheen en Hy ken die woonplek daarvan...* Die God wat tot by die eindes van die aarde kan sien, wat reën wette maak en windskale kan bou, watter mens kan dit doen?! En wat weerligstrale soos vuurhoutjies in sy hande kan hou. As ons 'n vuurhoutjie trek is die blitse daaromheen maar klein in vergelyking met hoe God se weerligte kan blits. Dit is maar een idee oor hoe klein ons as mense teenoor God is. Ons vuurhoutjie wat die weerlig wil namaak, terwyl ons meen ons inderdaad groot vure kan maak.

Op die einde is dit vir Job baie duidelik dat die vraag na wysheid op geen manier by die mens gevind kan word nie. Nog minder kan dit by die mens eindig. Om werklik wysheid te vind moet jy by God uitkom. Anders gesê- Jy moet na God soek as jy werklik wysheid soek. Die

God wat sê dat Hy wysheid is! Job vat dit raak in hfst..28 vers 28- *Die vrees van die Here is wysheid; en om van die kwaad af te wyk is verstand...* Job sluit aan by baie gedeeltes wat in die ou Testament dit alreeds gesê het. Spreuke is ook vol hiervan. Hierdie vrees van die Here- in die Hebreeus- יְרֵאָתָּה אֲדֹנָי (jir 'at Adonai- jir 'at Jahweh). Die woord vrees wat omtrent 310 keer in die Bybel voorkom, dit het alles daarmee te doen dat daar werklik respek moet wees vir die Here.

Dit is nie 'n geval van soos wat 'n hond wat al baie geslaan is, daardie vrees wat die hond dan vir so 'n mens het, wat ons hier aan moet dink nie. So 'n hond probeer gedurig van so 'n baas wegkom, dit trek ineen, as sy baas dan skielik by hom kom. Juis is dit nie die bedoeling dat ons soos bang honde vóór die Here moet wees nie, maar wysheid wat by God te soek en te vinde is, slaan terug op die skepping, op die Immanuel-gedagte, God met ons, daar was dit só in die skepping. God wandel met die mens in die tuin, soos wat ons later lees, God het dit ook met Henog en met Noag gedoen- God het met hulle gewandel... Daardie wandel met God staan geskrywe in liefde, in vertroue, in eerbied en ontsag wat ons vir die Here moet hê.

Wie met God wandel, daardie gemeenskap met God, sulke mense het eintlik gekom by wandelende wysheid, want God wil vir hulle die wysheid wees. Alleen kan daar wysheid in u en my wees as ons naby God kom, of soos ons dit sien as ek met God wandel. Wysheid wil ek dan met groot respek so verbind dat wysheid kom by die mense wat as't ware hand aan hand met die Here deur hierdie lewe stap.

Job bou nog verder hierop voort, of sou hy in die myn wees, dan grawe hy nog dieper hierop in- *om van die kwaad af te wyk is verstand...* Dit staan soos twee bene hier- God is onbegryplik groot maar ook onbeskryflik goed. As ek met God wandel, dan wandel ek in wysheid soos die verstandige wat juis nie gaan plek soek waar die kwaad is nie. Die wyse se pad wil daarvan wegdraai.

Verlang ons waarlik na hierdie wysheid, broeder en suster? Job het dit wou soek, want hy het dit so nodig gehad? Hoe nodig het ons dit nie?! Ook in ons tyd! In Job 19:25 dan het Job eintlik so 'n aangrypende uitroep- *Maar ek, ek weet: My Verlosser leef...* Nou het ons oor wysheid eintlik kon terugkom by daardie 33 mynwerkers in Chili. Of hulle jou en my en Job se Verlosser ken, weet ek nie, maar hulle gee eintlik 'n treffende afbeelding wat verlossing is.

Soos hulle 33 daar onder die aarde vasgekeer was, niks wat hulle kon doen om hulleself daar onder die aarde te kon uithaal nie, so is ons almal in ons sonde vasgekeer. Ons is soos mense diep in 'n mynskag vasgeval. Ek sou groot dele uit die Dordtse Leerreëls en uit die Kategismus vir u kon aanhaal, wat maar net sê dat ons in onself totaal verlore is. Ons is wat die mynwerkers betref in net so 'n skag vasgekeer sou ons aan hulle bly dink, maar in Chili het daar boorwerk plaasgevind, daar is in die boor tunnel 'n kapsule afgestuur, wat hulle man vir man wéér na die bo-grond kon trek.

Wanneer ons Kolossense lees dan staan die naam van die Christus daar- ons het uit Job al gehoor dat wysheid kan nie gemyn word nie, dit kan nie gekoop word nie, maar nou is dit asof Kolossense 'n mens nie ondergronds wil plaas nie. Christus kom as't ware soos in 'n oopgroefmyn eenvoudig net na vore- al die skatte van wysheid en kennis, dit wat in Hom verborge is, skryf Paulus aan die gemeente in Kolosse, kan nou in Hom saamgevoeg word. Christus Self kom soos 'n skat vanuit 'n diep myn aan die lig. Die liefde, die volle versekerdheid van insig om die verborgenhede aan God die Vader en van Christus te leer ken. Wanneer ons binne enkele maande van nou af weer Kersfees vier, dan word daar gepraat oor die wyse manne uit die ooste, maar ons moet dit eintlik goed raaksien. Hulle kan eintlik eers wyse manne genoem word nadat hulle in Bethlehem gekom het. Hulle moes eer Christus ontmoet, die wysheid van God, dan eers kan ons hulle waarlik wyse manne noem. Om Christus te vind is om wysheid te vind. Niemand kom na die Vader behalwe deur Hom nie.

Watter voorreg om daar diep onder waar ons kon hoor van die mynwerkers in Chili, daar waar hulle vasgekeer moes sit, tog die boorwerk van Christus se lewe en kruis mag ons hoor, die oop tunnel van 'n oop graf mag ons sien, ja om te mag weet soos wat daardie reddings kapsule afgestuur was om die mynwerkers man vir man daar uit te haal, so het Christus Homself soos die reddings kapsule in ons lewe afgestuur, in alles wat Hy gedoen het, om vir ons lewend uit te haal. Die Heilige Gees laat ons steeds die tunnel van redding deurloop en deursien. Hy die Heilige Gees wat eintlik die suurstof gee, die lug en lig waarna daardie manne so na sou verlang, in Christus deur sy Gees kan ons weer vry asemhaal en kan ons moed skep. Toe die myn kapsule se deur sou oopmaak, was dit vir elke een soos die tree wat hulle nooit weer sou kon gee nie.

Om die beeld in jou en my lewe verder toe te pas, is om in die geloof in alles jou wysheid by God te gaan soek. Wandel met die Here, so eenvoudig is dit, maar ook so belangrik. Moenie

wysheid in die myne wil gaan uithaal, of by wêreldmarkte wil gaan koop nie, jy kan nie, maar tog kan ek, deur eenvoudig my hand in God se hand te plaas, my tree in God se tree af te tree, watter wysheid is dit! Soos Henog, soos Noag, meer nog, soos Christus. Hulle wat ons kan sê- HULLE HET MET GOD GEWANDEL. In Job 32:8 dan sê Job dit so aangrypend- *dit is die Gees in die mens en die asem van die Almagtige wat hulle verstandig maak.* Om verstandig met die asem van die lewe, met die asem van die Here, jou weg te vind, is wysheid en kennis altesaam. Nie B of M of D grade kan ons dit leer nie, want hierdie grade het te doen met menslike kennis, in Latyn praat hulle van Scientia, maar die wysheid van God is sapientia. Met hierdie onderskeid is daar 'n groot verskil. Die eerste is in die myne en in die markte te koop, die tweede is in die koninkryk van God, maar dit is nie te koop nie.

Dit is wel beskikbaar waar ek dit nie maar net kan vat nie, maar God dit wel kan gee. God gee dit aan die eenvoudiges van hart, hulle wat Jesus noem, salig. *Salig is die armes van gees, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.* Daar kan ons nie maar net vat nie, maar om te ontvang dit wat God ons wil gee. Sy wysheid, dan ontvang ons Christus *in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is.*

AMEN